

Instruksies:

- Lees die vroe deeglik deur.
- Maak seker dat jy al die vroe beantwoord.
- Laat 3 lyne oop en trek 'n lyn daarna.
- Trek 'n 3cm puntkantlyn aan die regterkant van elke bladsy.
- Nommer jou antwoorde volgens die vraestel.

| | | |
|-------------|----------------------------|------|
| Afdeling A: | Kortvrae | (15) |
| Afdeling B: | Toepassing van vaardighede | (15) |
| Afdeling C: | Langvrae | (10) |

Afdeling A (15)**Kortvrae:****Vraag 1**

Bestudeer die volgende twee prentjies oor die Du Toit-gesin van Kerkstraat 21, Vishoek. In die eerste prent kan ons die gesin sien (van links na regs) met Oupa Jan, Maria, Pa Piet, Lielie, Ma Sarie, Klein Piet en Ouma Deborah.

**Maart 2015****Desember 2016**

- 1.1 Watter veranderinge kan jy in die tweede tekening sien wat die grootte van die gesin betref? (3)
- 1.2 Is daar in Desember 2016 'n lede-toename of lede-afname in die gesin? (1)

Vraag 2

Verskaf een woord vir die volgende:

- 2.1 Die aantal babas wat in 'n jaar vir elke 1000 mense gebore is. (1)
- 2.2 Die aantal sterftes in 'n jaar vir elke 1000 mense. (1)
- 2.3 Die meet van die verandering in bevolkingsgroei. (1)
- 2.4 Hoeveel kinders onder 5 jaar oud wat per jaar sterf uit 1000 lewende geboortes. (1)
- 2.5 Die gemiddelde ouderdom wat 'n persoon kan verwag om te behaal. (1)

Vraag 3

Beantwoord die volgende vrae:

- 3.1 Hoeveel mense bly tans op aarde? (1)
- 3.2 Wie het eerste bewys dat siektes deur kieme in die lug versprei word? (1)
- 3.3 Wie het sterilisasie van die operasie-instrumente voor operasies voorgestel en daarvan gebruik gemaak? (1)
- 3.4 Van watter antiseptiese middel het die persoon by 3.3 gebruik gemaak? (1)
- 3.5 Noem twee siektes waarteen kinders vandag geïmmuniseer kan word. (2)

Afdeling B (15)

Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg: (inligting is fiktief)

| Land | Geboortekoers | Sterftekoers | Lewensverwagting | Babasterftekoers |
|----------|---------------|--------------|------------------|------------------|
| Rwanda | 54 | 21 | 45 | 101 |
| Indië | 30 | 12 | 52 | 64 |
| Fiji | 37 | 18 | 49 | 46 |
| Mexiko | 41 | 22 | 55 | 44 |
| Frankryk | 35 | 32 | 75 | 9 |
| Ysland | 14 | 16 | 52 | 3 |

- 1.1 Watter land het die laagste koers van natuurlike toename? (1)
- 1.2 Noem twee redes waarom hierdie land 'n lae koers van toename kan hê. (2)
- 1.3 Watter land het die hoogste koers van natuurlike toename? Verduidelik jou antwoord. (2)
- 1.4 Verskaf twee redes waarom Rwanda se lewensverwagting so laag kan wees. (2)
- 1.5 Verskaf twee redes waarom Frankryk se lewensverwagting so hoog is. (2)
- 1.6 Waarom sal die babasterftekoers in Rwanda so hoog wees? Verskaf twee redes. (2)
- 1.7 Om watter redes sterf daar deesdae mense oor die wêreld, wat anders is as toe jou oupa en ouma groot geword het? (2)
- 1.8 Noem twee vastelande waar mense 70+ jaar oud kan word. (2)

Afdeling C (10)

Langvrae:

1. Noem enige 4 van die faktore wat geboorte- en sterftekoerse beïnvloed. (4)
2. Verskaf enige vier van die vyf ontwikkelings wat bevolkingsgroei beïnvloed. (4)
3. Beskryf die gebeure toe die pokke-pandemie in 1713 die Kaap getref het. (2)

Totaal: 40 punte